



NASIONALE SENIOR CERTIFIKAAT-EKSAMEN
AANVULLINGSEKSAMEN – MAART 2019

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

Tyd: 2½ uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:
Afdeling A – Letterkunde (60 punte)
Afdeling B – Transaksionele skryfwerk (40 punte)
 3. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
 4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy in jou Antwoordboek.
 5. Nommer jou antwoorde soos die vrae op die vraestel.
 6. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.
 7. Dit in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
-

AFDELING A LETTERKUNDE

INSTRUKSIES VIR AFDELING A



1. Beantwoord **AL VIER** die vrae.
2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.
3. **BEPLANNING** (*Vir paragrawe en langer skryfstukke*)

Dit is 'n goeie idee om 'n **opstel** of **paragraaf** te beplan voordat jy dit neerskryf.

3.1 Skryf die opskrif: **BEPLANNING** boaan.

3.2 *Jou beplanning in hierdie afdeling word **nié bepunt nie** – dit is slegs om jou te help om die antwoord goed te formuleer.*

VOORBEELD:

BEPLANNING (linkerkantse bladsy) 	VRAAG (regterkantse bladsy) 
---	--

4. Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag. Die aantal punte bepaal die aantal feite wat verwag word.
5. Skryf die **getal woorde** aan die einde van die **paragraaf** in **Vraag 2** en die **opstel** in **Vraag 4** neer.

HOOPVOL – Derick van der Walt

Daar is vier vrae oor *HOOPVOL*. Beantwoord al vier hierdie vrae.

VRAAG 1

Lees die onderstaande uittreksel en voer dan die opdragte uit.

TEMA: Hoop

<p>One look at love And you may see It weaves a web Over mystery, All raveled threads Can rend apart For hope has a place in the lover's heart. Hope has a place in a lover's heart. Enya</p>

[Bl. 5]


1.1 Waarom sou Nathalie, wanneer sy een-en-twintig word, moontlik genoeg geld gehad het om te gaan studeer? (1)

1.2 Alhoewel Nathalie nie gaan studeer het nie en sy soms vasgevang gevoel het in Hoopvol, het sy tog 'n droom vir haar, Liefie en die hotel gehad. (1)
 Wat was die droom wat sy vir die hotel gehad het?

1.3 Iets omtrent die onderstaande karakters se situasies het van **hopeloos** aan die **begin van die roman** na **hoopvol** aan die **einde van die roman**, verander.

Beskryf die hopelose en hoopvolle situasie van elke karakter.

Jy hoef nie die tabel oor te teken nie. Skryf net die **vraagnummer** neer en **een feit** by elke nommer.

HOPELOOS (begin van roman)		HOOPVOL (einde van roman)
1.3.1	Liefie	1.3.2
1.3.3	Sakkie	1.3.4
1.3.5	Juf. September	1.3.6
1.3.7	Olivia	1.3.8

(8)

1.4

"'n Man!" lag tannie Liefie. "Wat wil ek met 'n man maak? Hulle het mos net een dimensie. Ou Lettie het my alles vertel wat ek van mans moet weet."

Die grootmense lag, maar Ben sien sy loer vinnig onderlangs na oom Frans.

Hy probeer saamlag, maar al waaraan hy kan dink, is die koei onder die kluite in Hoopvol se begraafplaas.

[Bl. 227]

Nathalie se situasie het van hopeloos na hoopvol verander met die koms van Bobby. Ongelukkig het daar twee insidente gebeur wat haar omstandighede terug na hopeloos verander het.

1.4.1 Die eerste insident was die aanval op Olivia.

Hoe het hierdie insident probleme tussen Bobby en Nathalie veroorsaak?

(1)

1.4.2 Die tweede insident was die rede waarom Ben vir tannie Lettie in die bostaande uittreksel "'n koei" genoem het.

Verduidelik hoekom Ben vir tannie Lettie so gehaat het, al het hy haar nie geken nie.

(3)

1.4.3 Waarom, dink jy, het Liefie in die bostaande uittreksel vinnig na oom Frans geloer?

(1)

[15]

VRAAG 2

TEMA: Ben se soektog na sy pa

Ben se soektog na sy pa was baie frustrerend, maar elke keer as hy moedeloos was, het hy weer inligting gekry wat hom hoop gegee het.

Lees die onderstaande uittreksels en voer dan die opdragte uit.

2.1

Dis 'n besige Sondagmiddag, die Spur van hoek tot kant gepak, toe die tannie met die purple rinse vanuit Pretoria bel. Ben herken eers nie haar stem nie en wil sy selfoon dooddruk, want hy dra 'n steak wat hy by tafel 9 moet aflewer.

Toe sê sy: "Ek onthou nou waarheen ou Oil is toe hy hier by Moerdyk weg is."

[bl.102]

2.1.1 Hoe het tannie Joan Ben se pa se persoonlikheid beskryf? (1)

2.1.2 Waar het sy pa gewerk voordat hy by die mark gewerk het? (1)

2.2

Dit kan nie wees nie. Dalk het hy verkeerd gehoor. Dalk het baie mense in Bloemfontein die bynaam Oil. Hy kan nie nou weer begin hoop nie ...

Die man draai na hom. "Ja?"

"Ek het gehoor oom-hulle praat van Oil. Weet oom dalk waar hy is?"

[bl.151]

Van watter talent van sy pa het Kenny en sy vriende vir Ben in die kroeg in Bloemfontein vertel? (1)

2.3

Dis eers toe hy die aand in sy bed gelê het dat die naam gekliek het. Hoopvol. Dis die naam op die brief wat sy ma saam met al hulle dokumente in haar kas bewaar het. Hy het eenkeer daarop afgekom toe hy na foto's van sy pa gesoek het. Op die agterkant van die koevert het gestaan dat dit van prokureurs op Hoopvol was.

[bl. 156]

Watter inligting het Ben, eers by 'n rooikopvrou en later in 'n prokureursbrief, oor sy ma se verlede gekry? Gee twee feite. (2)

2.4

Terwyl hy wag, vang sy oog die ry foto's teen die linkermuur. Daar is 'n hele klomp van oom Frans met trofee en rosette by kampioenstoetramme of –oie.

Teen die ander muur hang 'n ry enkelfoto's van glimlaggende mans by oom Frans, ...

[bl. 215]

2.4.1 Watter ander talent van sy pa het Ben in 'n foto in oom Frans se studeerkamer ontdek? (1)

2.4.2 Oom Frans het hom vertel wat met sy pa gebeur het en Ben kon vir sy pa totsiens gaan sê.


Waar het hy vir sy pa totsiens gaan sê? (1)

- 2.5 Soos wat Ben se soektog na sy pa gevorder het, het die leser al hoe meer ooreenkomste tussen Ben en sy pa, Bobby, ontdek.

Dis nie asof hy in 'n spieël kyk nie, maar daar kan niemand op hierdie aarde wees wat sóveel na hom lyk nie.

[Bl. 68]

Gebruik die onderstaande diagram en skryf 'n paragraaf van **tussen 80 en 120 woorde** oor die **ooreenkomste tussen Ben en Bobby**.



[15]

VRAAG 3

Beantwoord hierdie vraag in jou **Antwoordboek**.

TEMA: Die brand

Opdrag:

Voltooi die volgende **gesprek** tussen tannie Nonnie en Ben. Skryf slegs **die vraagnommer** en **Ben se antwoorde** neer.

Laat asseblief 'n reël oop tussen elke antwoord.

- 3.1 Tannie Nonnie: Hoe het die brand by julle huis begin?
Ben: _____ (1)
- 3.2 Tannie Nonnie: Watter twee traumasimptome het jy na die brand
ervaar?
Ben: _____ (2)
- 3.3 Tannie Nonnie: Wat was die enigste ding wat jy uit die brand kon red
en wat was alles daarin?
Ben: _____ (2)
- 3.4 Tannie Nonnie: Waar het jy die eerste nag in Pretoria geslaap?
Ben: _____ (1)
- 3.5 Tannie Nonnie: Jy het onmiddellik Pretoria toe gegaan om jou pa te
vind.
Jy het gesê daar was nog redes waarom jy uit
Johannesburg gevlug het. Wat was die twee redes?
Ben: _____ (2)
- 3.6 Tannie Nonnie: Noem twee positiewe gevolge wat die brand in jou lewe
gehad het.
Ben: _____ (2)
- [10]**

VRAAG 4

Na die dood van sy ma en suster, is daar 'n **paar vroue** in die roman wat 'n **belangrike rol in Ben se lewe** gespeel het.

Opdrag:

Skryf 'n opstel van tussen 250 en 350 woorde oor die rol wat hierdie vroue in Ben se lewe gespeel het.

-
- Gebruik die ideekaart hieronder.
 - Volg die pyltjies vir die volgorde van die paragrawe.
 - Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
 - Jou opstel moet 'n inleiding en slot (slotsom) hê.
 - **Onthou om die woordtelling aan die einde neer te skryf (bv. 295 woorde).**
-

① Tannie Pop

- Hoe het Ben vir tannie Pop ontmoet? (1)
- Gee twee moontlike redes waarom Ben vir tannie Pop 'n leuen vertel het, toe hy gesê het dat hy by sy pa is. (2)
- Wat laat 'n mens dink dat tannie Pop ook 'n vriendin van Ben se ma was? (1)



② Tannie Joan

- Hoe het Ben vir tannie Joan ontmoet? (2)
- Tannie Joan het gesien dat Ben soos Oil lyk. Toe sy vir Ben gevra het of hulle familie is, het Ben vir die eerste keer iets hardop gesê. Wat het Ben gesê? (1)
- Hoe het tannie Joan onthou waar Oil in Bloemfontein gaan werk het? (2)
- Hoe weet die leser dat tannie Joan 'n persoon is wat jy kan vertrou en iemand is wat doen wat sy belowe? (1)



③ Alta

- Hoe het Ben vir Alta ontmoet? (1)
- Ben het sy werk by die Spur in Bloemfontein gehaat. Hoe het Alta vir Ben gehelp om by sy werk uit die moeilikheid te bly? (1)
- Wat het Ben laat beseef dat Alta meer van hom hou as wat hy gedink het? (1)



④ **Tannie Nonnie**

- Watter bewys het die leser dat tannie Nonnie nie aan die begin vir Ben in Charl se plek wou aanvaar nie? (1)
- Wat het tannie Nonnie later vir Ben gegee wat bewys dat sy vir Ben in Charl se plek aanvaar het? (1)
- Tannie Nonnie het 'n slim idee gekry wat in die toekoms vir Ben sou help om sy ouers se dood te aanvaar. Hierdie projek sou ook vir tannie Nonnie besig hou sodat sy haar eie seun se dood kon oorkom. Watter slim idee het tannie Nonnie gekry? (1)

Assessering: 4 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen.

(4)
[20]

60 punte



AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

INSTRUKSIES VIR AFDELING B

1. Beantwoord **ALBEI** vrae in hierdie afdeling.
2. Elke vraag moet op 'n nuwe bladsy gedoen word.
3. Beplan jou antwoorde voordat jy dit neerskryf.

Skryf die opskrif: **BEPLANNING** boaan.

VOORBEELD:

BEPLANNING	VRAAG
(linkerkantse bladsy)	(regterkantse bladsy)
	

4. Skryf die getal woorde aan die einde van elke vraag neer.

LET WEL:

Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:

- kennis van die vereistes van die spesifieke skryftaak
- interpretasie van die opdrag
- inhoud en idees
- register en toon
- taalgebruik
- beplanning

VRAAG 5

DIALOOG



[Aanlynsoektog: Bing images]

Situasie:

Daar was weer 'n insident van kuberboeliery by 'n skool.

Jy en 'n vriend/vriendin gesels oor al die probleme wat sosiale media veroorsaak.

Opdrag:

Skryf nou 'n dialoog oor **die probleme wat sosiale media veroorsaak**.

In julle dialoog praat julle oor die volgende:

- Albei van julle vertel van 'n insident van kuberboeliery.
- Albei van julle gee ten minste een idee hoe om kuberboeliery te stop.
- Albei van julle noem ten minste een positiewe rol wat sosiale media in vandag se lewe speel.

Instruksies:

1. Beplan jou dialoog voordat jy dit neerskryf.
2. Maak gebruik van die onderstaande dialoogformaat.
3. Skryf die totale aantal woorde onderaan jou dialoog neer.

Die inhoud van jou dialoog moet tussen 150–250 woorde lank wees.

Vriend/Vriendin:	Daar is darem nou baie stories van kuberboeliery in die media.
Ek:	Ja, ...

[30]

VRAAG 6

FACEBOOK-boodskap



facebook

[Aanlynsoektog: *Bing images*]

Situasie:

Jy het 'n oorsese vriend/vriendin op *Facebook* wat jou gevra het oor **jou toekomsplanne na matriek**.

Opdrag:

Skryf 'n kort boodskap op *Facebook* waarin jy die volgende noem:

- Hoe jou matriekjaar was.
- Wat jy beplan om na matriek te doen.
- Waarom jy besluit het om dit te doen.

Instruksies:

1. Beplan jou skryfstuk voordat jy dit neerskryf.
2. Skryf die totale aantal woorde onderaan jou *Facebook*-boodskap neer.

Die inhoud van jou boodskap moet tussen 60–120 woorde lank wees.

[10]

40 punte

Totaal: 100 punte